# 10 *Donderdag*

**SKRIFGEDEELTE: JOB 10 EN 11**
**FOKUSGEDEELTE: JOB 10:1-22**

**Sien jy dinge soos 'n mens hulle sien?**

Job sê in sy aanvegtinge dinge wat vir sy vriende – en dalk ook vir jou en my – "godslasterlik" klink. Die raamwerk waarbinne hy van sy kindsdae af oor God gedink het, begin wankel. Dis of daardie tradisionele raamwerk te nou is. Hy wil daaruit breek. Niks maak meer vir hom sin nie. Hy walg van sy hele lewe. Hy wil nou sy hart leegmaak, aan sy klagtes vrye teuels gee (10:1).

Sy vriende wil hom weer terugdwing in 'n tradisionele manier om oor God te dink: lyding beteken vergelding deur 'n regverdige God. Selfs as ons God nie "verstaan" nie, dan kan 'n mens nog weet hoe God "redeneer". Jy moet jou verstand net reg gebruik. So beweer vriend Sofar (11:13).

Job begin egter ánders oor die lewende God dink. "Ek wil vir God sê: Moet my tog nie skuldig verklaar nie, maak aan my bekend waarom voer U hierdie stryd teen my" (10:2). Hy begin besef: dié "waarom-vraag" kan nie beantwoord word wanneer jy meen dat God soos 'n mens dink nie. "Kyk U met die oë van 'n mens? Sien U dinge soos 'n mens hulle sien?" (10:4).

Die kinderlike, benepe Godsvoorstelling van sy jeug – wat sy vriende nog het – begin plek maak vir 'n vae besef dat God groter is as wat ons van Hom dink.

*Sing: Psalm 103:7*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*